## HOËRSKOOL KAMPSBAAI

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

| | |
|---|---|
| **GRAAD 9** | **JUNIE 2014** |
| **TYD: 2 UUR** | **TOTAAL: 60** |
| **TAAK 3: VRAESTEL 2** | **OPSTELLER: R. TOYER** |

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A : | LEESBEGRIP | (VRAAG 1) | (20) |
| AFDELING B : | TAAL IN KONTEKS | (VRAAG 2,3,4) | (30) |
| AFDELING C : | OPSOMMING | (VRAAG 5) | (10) |

2. Lees ALLE instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE BLADSY.
5. Trek 'n streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: KOERANTARTIKEL**

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae.


## 'Seuns se herstel nie so maklik'


**Shameemah Abrahams** Foto: ELSABÉ BRITS

1. GRAHAMSTAD. – Dit blyk daar is 'n genetiese oorsaak wanneer seuns sukkel om ná 'n harde stamp in rugby van harsingskudding te herstel.
2. Dit is die eerste keer in Suid-Afrika dat genetiese navorsing oor kopbeserings in skolerugby gedoen word. Die voorlopige resultate toon reeds dat volwasse spelers wel meer kere harsingskudding opdoen, maar gouer daarvan herstel – vergeleke met die skoolseuns wat dié beserings minder opdoen, maar moeiliker herstel.
3. Shameemah Abrahams, 'n nagraadse student aan die Universiteit van Kaapstad se navorsingseenheid vir oefeningwetenskap en sportgeneeskunde, het by Scifest Africa vertel dat verskeie Bolandse skole, klubs en rugby-akademies aan 'n studie oor harsingskudding deelneem.
4. Sy het as voorbeeld vertel van 'n 17-jarige speler wat vier keer in een seisoen harsingskudding opgedoen het, en dit het hom meer as 'n jaar geneem om terug skool toe te gaan.
5. Sy het verduidelik dat wanneer die kop 'n harde stamp kry, die brein letterlik heen en weer teen die skedel stamp. Daar is 'n inflammatoriese reaksie en breinweefsel gaan dood, wat weer 'n bepaalde proteïen in die bloed vrystel. Hoe hoër die vlak van proteïene, des te langer neem dit om te herstel. Dié vrystelling blyk boonop geneties van aard te wees.
6. Die navorsing wat sy doen, fokus op dié betrokke proteïen en sy kyk of dit meer afgeskei word in die seuns wat langer neem om te herstel, vergeleke met dié wat gou herstel, of selfs dié wat harde stampe opdoen en niks oorkom nie.
7. Uiteindelik wil hulle 'n meganisme ontwerp wat 'n hoë risiko vir harsingskudding kan toets. Uit die 400 wat aan die studie deelneem, het 50% al minstens een keer harsingskudding gehad.
8. Haar raad is dat indien 'n skoolseun 'n stamp teen die kop kry, moet hy dadelik van die veld geneem word en glad nie weer daardie dag speel nie.
9. 'n Tweede stamp kan selfs dodelik wees. "Die houding dat 'n speler gehard moet wees en homself moet regruk, moet ten alle tye vermy word."
10. Dié simptome kan voorkom: hoofpyn, lighoofdigheid, braking, ylhoofdigheid, 'n gebrek aan balans, praat met 'n sleeptong en geheueverlies. Dit kan tot twee dae ná die tyd voorkom.
11. Tot 30% van alle rugbyspelers wat ná matriek by hom aankom, is op skool al beseer, het Johan van Wyk, fisioterapeut by die Westelike Provinsie se Rugbyinstituut, gister gesê.

12. Dit is omdat daar op skolerugbyvlak nie genoeg aandag aan beserings gegee word, soos wat aan beroepsrugby gegee word nie. Spelers speel dus op skool vir ’n langer tydperk met ’n besering.

13. Van Wyk het gesê: “Op professionele vlak tel jy onmiddellik die besering op en stel jy dit reg, maar dit word eers later op die vlak van skolerugby ontdek.”




**Johan van Wyk: fisioterapeut** Foto: ELSABÉ BRITS

14. Hein Kriek, hoofafrigter van Paul Roos Gimnasium en WP-Cravenweek, het gesê daar moet nie uit die oog verloor word dat rugby ’n kontaksport is nie, en dat beserings maar deel van die spel is.

15. “Ons gaan dit nooit kan stop nie, maar ons kan dit bestuur.”

(Die Burger: Dinsdag 10 Des. 2013, CARRYN-ANN NEL)

**WOORDESKATLYS**

**harsingskudding** – concussion

**herstel** – recover

**genetiese oorsaak** – genetic cause

**voorlopige** – preliminary

**vergeleke** – compared

**oefeningwetenskap**- exercise science

**sportgeneeskunde** – sport medicine

**skedel** - skull

**inflammatoriese reaksie** – inflammatory response

**braking** - vomiting

**ylhoofdigheid** - delirium

**geheueverlies** - amnesia

**beserings** - injuries

**bestuur** - manage

1.1 Verwys na die koerantopskrif.
Van watter sportsoort herstel seuns nie maklik nie? (1)

1.2.1 Is die volgende stelling Waar of Onwaar?
Die navorsing oor kopbeserings in skolerugby is finaal. (1)

1.2.2 Motiveer jou antwoord in vraag 1.2.1. (1)

1.3 Gee die naam van die instansie waar Shameemah Abrahams studeer het. (1)

1.4 Watter verskil is daar tussen volwasse en skoolseuns wanneer hulle harsingskudding opdoen? (2)

1.5 Wat gebeur as die speler sy kop hard stamp? (1)

1.6 Watter advies gee me. Abrahams aan skole indien 'n skoolseun 'n stamp teen sy kop kry? (1)

1.7 Gee 'n rede waarom sommige skoolseuns wat kopbeserings tydens rugby opdoen langer neem om te herstel as ander. (1)

1.8 Hoeveel skoolseuns het aan me.Abrahams se studie deelgeneem? (1)

1.9 Sê of die volgende stelling 'n Feit of 'n Mening is? Haal slegs een woord as antwoord uit paragraaf 9 aan.

Skoolseuns wat meer as een kopstamp opdoen, moet dadelik van die rugbyveld weggeneem word omdat dit ernstige gevolge kan hê. (1)

1.10 Noem twee simptome wat voorkom nadat skoolseuns 'n kopbesering opgedoen het. (2)

1.11 Watter beroep beoefen Johan van Wyk? (1)

1.12 Stem jy saam dat kopbeserings tydens rugbywedstryde nooit heeltemal vermy kan word nie? Motiveer jou antwoord. (1)

/ 15 /

**TEKS B : ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae wat volg.




Die Burger 11 Maart 2014

1.13 Wie is die teikengroep in hierdie advertensie? (1)

1.14 Waarom word verskillende kase in die advertensie gebruik? (1)

1.15 Hoe word die woorde "soveel meer" in die advertensie beklemtoon? (1)

1.16 Haal een woord aan wat aandui dat jonger kinders die kaasfees verniet kan bywoon. (1)

1.17 Op watter manier kan jy meer inligting oor die kaasfees kry? (1)

/ 5 /

**TOTAAL AFDELING A : 20**

**AFDELING B : TAAL IN KONTEKS**

**VRAAG 2 : Strokiesprent**

Lees die onderstaande strokiesprent en beantwoord dan die taalvrae wat daarop volg.




***Die Burger Naweek*, 8 Maart 2014**

2.1 Skryf die **meervoud** van die woord in die strokiesprent neer: <u>laeveldleeu</u> (1)

2.2 Gee die **afkorting** van die woord tussen hakies.
Louis en Bobbejaan praat elke (Woensdag) Afrikaans. (1)

2.3 Watter uitroep in raam 2 dui aan dat Bobbejaan 'n bietjie moedeloos is? (1)

2.4 Skryf die onderstreepte getal **voluit**.
My seun het <u>4</u> toertjies gedoen. (1)

2.5 Gee die **antoniem** vir die onderstreepte woord.
Hy het <u>agteroor</u> geslaan. (1)

2.6 Kies die **korrekte voorsetsel** uit die woorde tussen hakies.
Hy het (in/ op/ teen) sy eie stert geval. (1)

2.7 Gee die **vergrotende trap** van die woord tussen hakies.
Bobbejaan se seun was (goed) as Leeu se seun. (1)

2.8 Gee die **teenoorgestelde geslag** van die woord tussen hakies.
My (swaer) het mos toertjies vir die toeriste gedoen. (1)

2.9 Gee die **korrekte betreklike voornaamwoord** van die woord tussen hakies.

Sy hande (op wat) hy geloop het, het gebloei. (1)

2.10 Gee die **voorwerp** van die sin in raam 1. (1)

2.11 Gee die **stam** van toeriste. (1)

2.12 Skryf die volgende sin in die **verlede tyd** oor en begin soos aangedui:
Hulle vang hom en vat hom Onderstepoort toe. (Raam 2)
Verlede week het … (1)

2.13 Skryf die volgende sin in die **teenwoordige tyd** oor en begin soos aangedui:
My seun het mos toertjies vir die toeriste gedoen. (Raam 1)
Vandag ……….. (1)

2.14 Verbind die volgende sinne met die woord tussen hakies:
Bobbejaan se seun het geld gemaak. Hy het toertjies vir die toeriste gedoen. (**omdat)** (1)

/ 14 /

**VRAAG 3 : Advertensie**

Lees die advertensie en voer dan die onderstaande opdragte uit.



3.1 Gee ’n **sinoniem** vir kos. (1)

3.2 Kies die **korrekte spelling** tussen hakies:

Die woord kos (rym/reim/ ruim) met Dros. (1)

3.3 Skryf die **ontbrekende voornaamwoord** neer:

Die gereg in die advertensie is beslis nie vir iemand ___ nie vleis eet nie. (1)

3.4 Gee die **oortreffende trap** van die woorde tussen hakies:

Dit is die heel (goeie) waarde vir geld wat ek in ’n lang tyd gesien het. (1)

3.5 Watter idioom beteken jy geniet nie jou kos nie. Skryf slegs die korrekte letter langs die betrokke nommer neer.

A. Jy moet hare op jou tande hê.
B. Jou tande vir iets slyp.
C. Met lang tande eet.
D. Met ‘n mond vol tande sit. (1)

3.6 Gee die **korrekte woordorde** van die woorde tussen hakies.

Ons eet ( ‘n dubbelburger, by die Dros, elke Vrydagaand, smaaklik) . (1)

3.7 Gee die **intensiewe vorm** van die woord in hakies.

Die eetgerei by die Dros is altyd (skoon). (1)

3.8 Gee die **infinitief** van die woorde tussen hakies.:

’n Mens behoort minder rooivleis (eet ) (1)

/ 8 /

**VRAAG 4 : Koerantberig**

Lees die onderstaande uittreksel uit 'n koerantberig en beantwoord dan die taalvrae wat daarop volg.



Oscar Pistorius in die hof.
Die Burger: Dinsdag, 6 Mei 2014

PRETORIA. – Sy was bang Oscar Pistorius gaan homself skiet, het 'n **( 4.1 huil)** Carice Viljoen, 'n vriendin van Pistorius, gister getuig. Dit was kort nadat Pistorius sy meisie, die model Reeva Steenkamp, doodgeskiet het.

Viljoen het Pistorius aangesê om Steenkamp se **(4.2 handsak)** bo in die huis te gaan haal sodat hulle haar **(4.4 drivers license)** as identifikasie aan die paramedici kon gee. Eers toe hy boontoe is, het sy besef die pistool is nog in die badkamer. "Ek het gedink hy gaan homself skiet," het Viljoen, 'n jong vrou met lang, blonde hare, gesê en begin huil. Haar **hande** het gebewe soos sy huil.

4.1 Gee die korrekte deelwoord van die woord tussen hakies. (1)

4.2 Gee die verkleiningsvorm. (1)

4.3 Kies die regte woord tussen hakies. Oscar loer bo oor sy ( brille/ bril/ brul). (1)

4.4 Vertaal in korrekte Afrikaans. (1)

4.5 Skryf in die **ontkennende vorm**.

Sy besef die pistool is nog in die badkamer. (1)

4.6 Skryf die volgende sin in die **indirekte rede**.

Carice Viljoen sê: "Ek het gedink hy gaan homself skiet." (1)

4.7 Skryf die volgende sin in die **lydende vorm**.

Pistorius het die pistool in die badkamer gelos. (1)

4.8 Gebruik die woord "hand" of "hande" in 'n sin om die **konnotiewe betekenis** te gee. (1)

/ 8 /

**TOTAAL AFDELING B : 30**

**AFDELING C : OPSOMMING**

**VRAAG 5**




Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Gee SEWE redes waarom xylitol kougom vir jou goed is.
2. Skryf die sewe redes puntsgewys neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

***Sewe redes waarom xylitol kougom vir jou goed is***

1. Wat is xylitol? Dit is 'n 100% natuurlike produk, 'n versoeter wat natuurlik voorkom. Dit kan in bessies, vrugte, groente en sampioene gevind word

2. Kougom met xylitol is so goed vir jou dat dit so amper as medisyne eerder as lekkergoed kwalifiseer. Hier is sewe goeie redes om xylitol kougom vir jou goed is:

3. In 'n Splinternuwe ondersoek deur die Universiteit van Toronto wys dit verminder die voorkoms van oorinfeksies met 25% . Goeie nuus as jou kind hiermee sukkel. Byna alle kinders het al oorinfeksie gehad – pynlike infeksies wat met antibiotika behandel moet word.

4. Jy kan die gebruik van onnodige antibiotika stop as jou kind kougom met xylitol kou sodra ‘n verkoue begin kop uitsteek. Xylitol is ook antibakterieel en keer dus bakteriële groei, soos ‘n antibiotika.

5. Jy en jou kinders moet steeds tande borsel en tandarts toe gaan, maar ‘n kougom na ete by die werk of na skool is 'n goeie opsie wanneer jy nie kan tande borsel nie. Dus verminder xylitol tandbederf met rondom 30%.

6. Maar xylitol keer nie net tandbederf nie. Dit herstel tande ook, soos talle ondersoeke bewys. Dit help deur tandminerale soos kalsium terug in jou tandemalje te sit.

7. Die beste nuus omtrent xylitol is dat die tandversterkende effek jare lank hou. So wys opvolgondersoeke dat mense drie en selfs vyf jaar na 'n tyd van xylitol gebruik nog steeds minder tandbederf het as mense wat nie xylitol gebruik het nie.

8. Ooit gewonder of kougom goeie oefening is? Ek bedoel, hoeveel kalorieë dit regtig brand? Wel, wonder nie meer nie, die antwoord is 11 kalorieë per uur. As 'n ekstra bonus, sal jy die sterkste kake op die dorp het.

9. Dit blyk dat kougom help om jou drang na 'n hoë-kalorie en soet kosse te bekamp. Deelnemers aan hierdie studie wat kougom drie keer per uur na middagete gekou het, het minder drange vir slegte versnapperings. En wie sou kon raai dat kougom jou gesonder laat eet?

10. Is dit gevaarlik om gom met xylitol te sluk? Nee, dit is nie - maar xylitol kougom, soos enige ander kougom, is nie bedoel om ingesluk te word nie. Die beste manier om van jou kougom ontslae te raak, is om dit in 'n stukkie papier te draai en dit in 'n vullismandjie te gooi.

(10)

**TOTAAL AFDELING C : 10**